NG Kerk | Erediens
Vrystaat

BYBELMEDIA : BRANDHOUT MULTITRACKS!

Dié Musiekbedieningkursus word op ***20 September 2018*** in ***Bloemfontein*** aangebied teen 'n inskrywingsfooi van net R750 (wat die *Brandhout Multitracks*-pakket met liedere insluit!).

Plek: NG Universitas-Wes Gemeenskapsentrum (Rooikerk), h/v Van Schalkwyk- en De Bruynstraat, Universitas, Bloemfontein

Kontak/navrae: Ds Org van der Watt by 058 623 0066 / 082 226 7635, of stuur 'n e-pos aan jgvdwatt@gmail.com

VBO-punte: 5

Meer oor hierdie kursus:
Die beste pizza-plekke gee aan jou die geleentheid om jou eie pizza te bou, want:

- as jou gesin soos my gesin is, hou die een van sampioene, maar nie van pynappel nie;
- die ander een verkies spinasie, terwyl die ander een 'n karnivoor is wat net vleis en ekstra kaas verkies.

Musiekbediening in die kerk vandag werk mos maar baie dieselfde..., of hoe?

- Jou gemeente verkies om geen dromme te hê nie, maar hulle sal heerlik saam met 'n kitaar sing.
- Die buurgemeente kan nie sing sonder elektriese kitare en *techno*-klanke nie.
- Vir gemeentes wat aangewese is op *backtracks*, kan dit egter moeilik raak, omdat jy eenvoudig moet vat wat jy kan kry.

Brandhout Multitracks is 'n rekenaarprogram en liedere (*multitracks*) wat jy *sélf kan opstel en manipuleer* volgens jou gemeente se eiesoortige styl en behoeftes. Jy kan sélfs die toonhoogte en tempo van die lied bepaal!

- Hierdie kursus word *aangebied deur ds Faani Engelbrecht - in samewerking met Bybel-Media se kantoor vir kerkmusiek*.
- Dieselfde kursus sal twee keer op 20 September 2018 aangebied word. Kursusgangers kan kies of hulle die oggendsessie tussen 09:00 en 13:00 wil bywoon, of die aandsessie van 18:00 tot 22:00. (Die oggendsessie sluit verversings in en die aandsessie sluit 'n ligte aandete in.)
- Die kursus *kos R750*, maar sluit 'n pakket met liedere en die rekenaarprogram (ter waarde van R2000) in!
- Die bonus is dat 'n tweede en derde (of meer) inskrywing uit dieselfde gemeente net R100 betaal, omdat die pakket gedeel word.
- **Kursusgangers moet hulle eie rekenaars en oorfone bring (*'n tablet sal nie werk nie* en verkieslik ook nie *Apple* nie).**
- *Faani sal die program stap vir stap verduidelik en jou wys hoe om dit uiteindelik in jou musiekbediening in te span.*
- ***Daar is net spasie vir 15 rekenaars per sessie - voorkeur sal gegee word aan die gemeentes wat eerste bespreek en betaling maak.***

Wie sal hierby baat vind?

- Enige predikant of musiekleier wat al ooit gesukkel het om ’n musiekbedieningspan op die been te bring.
- Gemeentes wat glad nie ’n musiekbediening het nie, wat graag Liedboek en Flam-liedere wil sing en aangewese is op *backtracks*.

Inskrywingsvorm:

Gemeente: _____

Aantal persone: _____ Watter sessie sal bygewoon word: ☐ **Oggend (09:00 - 13:00)**

☐ **Aand (18:00 - 22:00)**

Inskrywings en betalings sluit: 13 September 2018

R750 plus ..... @ R100 pp ekstra = R .....

Bankbesonderhede: **NG Kerk Vrystaat, Absa 470 000 406,**
Verwysing: Brandhout + Voorletters + Van

Die voltooide inskrywingsvorm en bewys van betaling kan gestuur word aan Lisma (e-pos daf@ngkvs.co.za of faks 086 66 66 809).